

CV: Matthew Marwick

Onder die opskrif 'Redharvest: A Salute to South Africa's "munitions factories" of the Great War (1914-1918)', het Matthew Marwick die bydrae van jong Engelssprekende Suid-Afrikaanse mans uiteengesit. Baie wat gesterf het, was leerlinge van privaatskole soos Maritzburg College waar Matthew skool gegaan het en waar hy Geskiedenis onderrig.

Matthew is geïnspireer om hierdie navorsing te onderneem deur die skool se monument vir 100 oud-leerlinge en drie onderwysers wat gesterf het. Die "vader" van Maritzburg College RD Clark se eie seun was ook een van hulle.

Die uitdrukking "ammunisiefabriek" word toegeskryf aan 'n voormalige skoolhoof van St Andrews, PWH Kettlewell, wat dit onbehoorlik gevind het om sulke ererolle te vergelyk. Tog is Matthew se databasis hiervan insiggewend: ses van die prominentste skole het elk tussen 86 en 164 oud-leerlinge verloor. Uit 'n totaal van 8 551 Suid-Afrikane wat in die Groot Oorlog omgekome het, was meer as 1 300 uit 17 skole. Heelwat van hulle het hoë eerbewyse ontvang, soos die *Victoria Cross*.

Hierdie gesprek via 'n Zoom-byeenkoms het baie vrae ontlok van ons oorwegend Afrikaanssprekende gehoor oor die rol van eer en plig, spesifiek teenoor "King and Country" - wat Afrikane om politieke redes teëgestaan het.